SUID-AFRIKAANSE STATISTIESE VERENIGING

2010 GRONDWET

Algemene interpretasie

In die SASV Grondwet sluit “skriftelik” deurgaans elektroniese indiening in.

1. NAAM

Die naam van die Vereniging is die SUID-AFRIKAANSE STATISTIESE VERENIGING (vervolgens afgekort as SASV of "die Vereniging").

2. AARD

Die Vereniging is 'n organisasie sonder winsmotief en 'n regspersoon met voortdurende opvolging. Die Vereniging is bevoeg om in eie naam (as regspersoon) as eiser en verweerder in regsgedinge op te tree.

3. MISSIE EN DOELSTELLINGS

Die missie van die Vereniging is om die bestudering en kennis van statistiese teorie en die toepassing daarvan ter verbetering van die lewenskwaliteit van alle Suid-Afrikaners te bevorder.

Die Vereniging streef om hierdie missie te bereik:

- deur 'n forum te skep om in Suid-Afrika statistici te lok en te kweek en hulle belange te bevorder;
- deur aktief deel te neem aan gepaste prosesse en strukture wat ‘n invloed het op die Suid-Afrikaanse samelewing;
- deur openbare begrip van die statistiese konsepte wat kritiese vermoëns en effektiewe burgerskap versterk, te bevorder en openbare waardering van deeglike statistiese praktyk te kweek;

- deur toeganklik te wees vir, en ondersteunend tot die gebruikers van statistiek in die breër gemeenskap;
- deur aktief saam te werk met organisasies en verenigings wat geassosieer word met dissiplines wat in die algemeen met statistiek verband hou; en
- deur die openbare belang te dien deur die registrasie van Gesertifiseerde en Geoktrooieerde Statistici in dissiplines wat verband hou met die toepassing van die wetenskap van statistiek, in ooreenstemming met die regulasies van die Instituut vir Gesertifiseerde en Geoktrooieerde Statistici van Suid-Afrika (IGGSSA).

Die Vereniging sal 'n jaarlikse konferensie reël en met lede kommunikeer deur middel van die *SASV-Nuusbrief*, die amptelike nuusbrief van die Vereniging, en deur die beskikbaarstelling aan lede van die *Suid-Afrikaanse Statistiese Tydskrif (SA Statist J)*, die amptelike tydskrif van die Vereniging, en/of enige ander publikasie; en sal in die algemeen op 'n oordeelkundige en georganiseerde wyse enige funksie of handeling verrig in nastrewing en ter bevordering van bogenoemde doelstellings.

4. LIDMAATSKAP

4.1 Lidmaatskap is oop vir alle individue en instansies wat belang het by die doelstellings van die Vereniging. Alle aansoeke om lidmaatskap moet geskied op die voorgeskrewe vorm soos opgestel en van tyd tot tyd gewysig deur die Uitvoerende Komitee (vervolgens afgekort UK). Nieteenstaande enige ander bepaling in hierdie Grondwet, is die UK by magte om volgens eie diskresie aansoeke om lidmaatskap te aanvaar of te weier.

4.2. Die Vereniging het ses lidmaatskapskategorieë:

4.2.1 <u>Gewone Lid</u>

Enige individu wat belang het by die missie en doelstellings van die Vereniging kan in aanmerking kom vir lidmaatskap van die Vereniging.

4.2.2 <u>Studentelid</u>

Enige geregistreerde student aan enige Suid-Afrikaanse tersiêre instansie kan in aanmerking kom vir studentelidmaatskap van die SASV. Studentelede ontvang die *SASV-Nuusbrief* maar nie die *Suid-Afrikaanse Statistiese*

Tydskrif nie. Studentelede is nie stemgeregtig nie. Die UK sal jaarliks nominale lidmaatskapgelde vir studente vasstel.

4.2.3 Geaffilieerde lid

Geaffilieerde lidmaatskap kan verkry word deur maatskappye, verenigings en soortgelyke instansies. Elke geaffilieerde lid mag 'n persoon nomineer as verteenwoordiger op die algemene jaarvergadering (vervolgens afgekort as die AJV). 'n Geaffilieerde lid het een stem by die AJV, ontvang een kopie van die *Nuusbrief* en *Tydskrif*, en mag twee verteenwoordigers na die konferensie stuur teen ledetariewe.

4.2.4 Erelid

Enige individu aangewys as 'n lewenslange erelid volgens klousule 5.2.

4.2.5 Senior lid

Senior lidmaatskap sal outomaties aan 'n individu gegee word wat reeds 65 jaar oud is en vir die voorafgaande 10 jaar ‘n lid van die Vereniging was. Senior lede sal dieselfde voorregte as lede hê, maar teen verminderde ledegelde soos vasgestel deur die UK en bekragtig deur die lede by die AJV.

4.2.6 Verwante Vereniging Lid

Verwante Verening van SASV (vervolgens na verwys as VV) lidmaatskap kan verkry word deur ‘n individu wat voldoen aan een van die lidmaatskapskategorieë in 4.2.1 tot 4.2.5 en wat ook voldoen aan die lidmaatskapregulasies van die spesifieke VV (Bylaag B).

4.3 Lidmaatskap (buiten erelidmaatskap) duur vir 'n tydperk van een jaar, vanaf 1 Januarie tot en met 31 Desember van die jaar.

4.4 Lidmaatskap is jaarliks voor 30 Junie hernubaar by wyse van betaling van ledegeld (sien klousule 4.8.1). Lidmaatskap word outomaties beëindig indien ledegeld meer as twee jaar agterstallig is. Indien 'n persoon heraansoek doen om lidmaatskap nadat lidmaatskap verval het as gevolg van nie-betaling van ledegeld, moet die

agterstallige geld betaal word voordat die persoon weer lid kan word (behalwe volgens die diskresie van die UK).

4.5 Studentelede moet jaarliks 'n skriftelike verklaring indien dat hulle voltydse geregistreerde studente is.

4.6 Slegs lede (buiten studentelede) wie se ledegeld betaal is, is stemgeregtig rakende sake van die Vereniging.

4.7 Lidmaatskap van die Vereniging gee aan geen individu of geaffilieerde instansie enige aanspraak op die bates van die Vereniging nie. Geen lid of geaffilieerde instansie sal as gevolg van lidmaatskap aanspreeklikheid hê ten opsigte van enige eis of aksie teen die Vereniging nie.

4.8 Ledegeld

4.8.1 Erelede betaal geen ledegeld nie. Ledegeld vir die ander lidmaatskapskategorieë word jaarliks deur die UK bepaal en enige verandering moet op 'n AJV deur lede bekragtig word.

4.8.2 Ledegeld moet 'n aansoek om lidmaatskap vergesel.

4.8.3 Geen ledegeld is terugbetaalbaar aan 'n lid wat bedank of wat uit die Vereniging geskors word nie. Indien 'n aansoek om lidmaatskap onsuksesvol is, word die ledegeld aan die aansoeker terugbetaal.

4.9 Gedragskode

Lede moet 'n professionele gedragskode onderskryf. Riglyne word in Bylaag A van die Grondwet uiteengesit.

4.10 Verwante Vereniging van SASV

Enige Verwante Vereniging vorm ‘n essensiële deel van SASV, word beheer deur die SASV Grondwet en tree op as ‘n VV met eie regulasies (Bylaag B).

.

5. ERE-AANSTELLINGS

5.1 Erepresident

'n Lid van die Vereniging wat buitengewone bydraes gemaak het tot die bevordering van die professie van statistici in Suid-Afrika kan deur 'n eenparige besluit van die UK aangewys word as Erepresident. Hierdie aanstelling moet op die volgende AJV bekend gemaak word.

5.2 Erelid

‘n Lid van die Vereniging wat 'n buitengewone bydrae tot die statistiese wetenskap of ter bevordering van die Vereniging gemaak het en wat reeds uit sy/haar gewone posisie afgetree het, kan genomineer en verkies word as lewenslange erelid van die Vereniging, volgens die prosedure voorgeskryf in klousule 9.

5.3 Genoot

'n Stemgeregtigde lid wat uitstaande bydraes tot die statistiese wetenskap gelewer het, kan genomineer en verkies word as genoot van die Vereniging volgens die prosedure voorgeskryf in klousule 9.

6. UITVOERENDE KOMITEE

6.1 Algemeen

Die SASV word bestuur deur sy Uitvoerende Komitee (UK), wat bestaan uit verkose en benoemde lede soos in die onderafdelings van hierdie klousule beskryf. Verkose lede word deur lede van die SASV verkies tot hulle onderskeie ampte. Alle verkose lede van die UK is lede wat stemgeregtig is rakende alle sake van die UK.

6.1.1 Verkose ampsdraers

Die volgende ampte word deur verkiesings gevul soos beskryf in Klousule 6.4. Die ampsbekleërs staan bekend as die verkose ampsdraers van die UK:

- President
- Visepresident
- Uitgetrede President
- Sekretaris
- Tesourier
- Redakteur, *SASV-Nuusbrief*
- Besturende Redakteur, *Suid-Afrikaanse Statistiese Tydskrif*
- ‘n Addisionele lid verantwoordelik vir koördinering van borgskappe.

6.1.2 Benoemde ampsdraers

Die volgende ampte word gevul deur benoemings soos beskryf in klousule 8.2. Hierdie ampsbekleërs staan bekend as benoemde ampsdraers van die UK:

- Voorsitter, SASV Onderwyskomitee
- Voorsitter, SASV Loopbaankomitee
- Voorsitter, SASV Komitee vir Amptelike Statistiek
- Voorsitters van huidige SASV Verwante Verenigings

6.1.3 Gekoöpteerde lede

Die UK mag verdere lede tot die UK koöpteer vir spesifieke take. Gekoöpteerde lede is stemgeregtigde lede van die UK vir die duur van hulle dienstyd, wat een jaar is. Hulle stemreg in die UK is beperk tot die sake waarvoor hulle gekoöpteer is.

6.2 Magte van die UK

Die UK beheer en bestuur die sake van die Vereniging ter bevordering van die doelstellings van die Vereniging. Die UK het sonder afbreuk aan die algemeenheid van sy magte en bevoegdhede, die volgende magte:

6.2.1 Om 'n bankrekening in die naam van die Vereniging by 'n erkende finansiële instelling te open en tekenregte daarop te verleen. Die tesourier en een gespesifiseerde bykomende persoon teken alle tjeks en keur alle elektroniese betalings goed.

6.2.2 Om die fondse van die Vereniging te belê.

6.2.3 Om die Redakteur (of Mede-redakteurs) van die *Suid-Afrikaanse Statistiese Tydskrif* aan te wys en die aanstelling van hulpredakteurs van die *Tydskrif*, soos voorgestel deur die Redakteur, te bekragtig.

6.2.4 Om die aanstelling van die voorsitters van spesiale komitees (sien klousules 8.1 en 8.2) te bekragtig.

6.2.5 Om subkomitees aan te wys om spesifieke take uit te voer soos deur die UK neergelê. In die besonder om 'n dissiplinêre komitee soos beskryf in klousule 6.7 en ‘n verkiesingskomitee soos beskryf in klousule 6.3.6 aan te wys.

6.2.6 Om lede tot die UK te koöpteer vir spesifieke opdragte.

6.2.7 Gelde

6.2.7.1 Om die intekengeld op die *Suid-Afrikaanse Statistiese Tydskrif* vas te stel en van tyd tot tyd te hersien.

6.2.7.2 Om die ledegeld te bepaal en van tyd tot tyd te hersien. Die ledegeld moet deur die lede by ‘n AJV goedgekeur word.

6.2.8 Om vakatures te vul wat in die UK of subkomitees mag ontstaan voor verstryking van die spesifieke ampstermyne met uitsondering van die ampte van President, Visepresident en Uitgetrede President.

6.2.9 Om regulasies uit te vaardig vir die behoorlike bestuur van die ordelike verloop van sake van die Vereniging en die beheer van vergaderings.

6.2.10 Om die stigting en ontbinding van takke te bekragtig.

6.2.11 Die UK het die mag om enige lid tereg te wys of die lidmaatskap van enige lid van die Vereniging te beëindig na ontvangs van ‘n besluit van die Dissiplinêre Komitee dat die lid op so ‘n wyse opgetree het dat die Vereniging in oneer gebring is en ‘n voorstel vir teregwysing of skorsing van die lid soos beskryf in klousule 6.7. Sodanige lid word skriftelik deur die President in kennis gestel van die beëindiging van lidmaatskap. Totdat die UK opgetree het, kan die UK die lid skors van enige uitoefening van sy/haar regte en voorregte, insluitende die funksie van sy/haar amp indien hy/sy ‘n lid van die UK of ‘n subkomitee van die UK is. ‘n Aansoek om hertoelating as lid sal nie binne 'n tydperk van een jaar na beëindiging van lidmaatskap oorweeg word nie.

6.3 Pligte van die UK

6.3.1 Die UK moet alle uitgawes betaal en alle verpligtinge nakom waarvoor die Vereniging regtens aanspreeklik is.

6.3.2 Die UK moet behoorlik notule hou van alle UK, algemene en spesiale vergaderings.

6.3.3 Die UK moet behoorlike, ware en korrekte boekhouding en rekords van die administrasie van die Vereniging hou.

6.3.4 Die UK moet nominasies aanvra vir ampsdraers van die Vereniging volgens die bepalings in klousule 6.4.4.

6.3.5 Die UK moet ‘n Dissiplinêre Komitee aanwys wat verantwoordelik sal wees vir die ondersoek van enige of albei van i) ‘n aantyging dat ‘n lid opgetree

het op ‘n manier wat die Vereniging oneer aandoen, ii) ‘n aantyging rakende die professionele optrede en/of uitvoering van ‘n lid met betrekking tot die professionele Gedragskode van die Vereniging (sien klousule 6.7).

6.3.6 Die UK moet 'n verkiesingskomitee aanwys wat daarvoor verantwoordelik sal wees om die uitslag van enige vertroulike stemming vir ampsdraers van die Vereniging te evalueer, soos in die Grondwet daarvoor voorsiening gemaak is (beskryf in Bylaag D). Die Verkiesingskomitee bestaan uit twee stemgeregtigde lede van die Vereniging wat jaarliks aangewys word om as kiesbeamptes op te tree. Die UK wys die sameroeper van die verkiesingskomitee aan. Geen lid van die verkiesingskomitee mag 'n genomineerde wees vir 'n vakature wat met sodanige verkiesing gevul moet word nie en mag ook nie 'n kandidaat nomineer of sekondeer vir so 'n vakature nie. Geen individu mag vir langer as twee opeenvolgende jare in die verkiesingskomitee dien nie.

6.3.7 Aan die einde van elke boekjaar, wat vanaf 1 Januarie tot 31 Desember van 'n jaar strek, moet 'n balansstaat en wins-en-verliesrekening van die Vereniging se kapitaal en bates deur die Tesourier opgestel en deur die UK goedgekeur word. Hierdie dokumente moet geouditeer word en in ‘n uitgawe van die Nuusbrief van die Vereniging in die daaropvolgende jaar gepubliseer word. Die geouditeerde dokumente moet deur die Vereniging bewaar word. Interim (nie-geouditeerde) state sal met 'n jaarverslag aan die AJV voorgelê word.

6.3.8 Die UK moet die inisiatief neem om oorspronklike materiaal wat betrekking het op die SASV se geskiedenis en ontwikkeling te beveilig en te bewaar. Hierdie materiaal moet saam met die nodige administratiewe rekords jaarliks in UNISA se biblioteek geargiveer word.

6.4 Verkiesing van die UK

6.4.1 Ampstermyn

Die Visepresident word jaarliks gekies deur 'n vertroulike stemming wat die AJV voorafgaan. Die ampstermyne van die President en Visepresident is gelyklopend. By verstryking van hulle ampstermyne word die President outomaties Afgetrede President en die Visepresident word outomaties

President vir die volgende ampstermyn. 'n Ampstermyn begin onmiddellik na afloop van 'n AJV en verstryk na die volgende AJV.

Die Sekretaris, die Tesourier, die Besturende Redakteur van die *Suid-Afrikaanse Statistiese Tydskrif,* die Redakteur van die *SAS*V-Nuusbrief en Addisionele Lid verantwoordelik vir die koördinering van borgskappe word elke drie jaar verkies. Die termyne van hierdie ampsdraers begin onderskeidelik na die AJV van 2012 (Redakteur van die *SASV-Nuusbrief*) 2010 (Sekretaris), 2011 (Tesourier en Besturende Redakteur van die *Suid-Afrikaanse Statistiese Tydskrif,* Addisionele Lid verantwoordelik vir die koördinering van borgskappe) en elke derde jaar daarna.

6.4.2 Nominasie van Verkose Lede

Enige stemgeregtigde lid van die Vereniging is verkiesbaar tot die UK na skriftelike nominasie. Die amp waarvoor 'n lid genomineer word, moet spesifiek genoem word. Vir die posisies van ampsdraers met 3 jaar termyne word genomineerdes beperk tot een posisie. Die nominasie moet deur minstens twee stemgeregtigde lede van die Vereniging onderteken wees en dit moet vergesel wees van 'n onderneming deur die genomineerde dat die pos aanvaar sal word indien hy/sy verkies sou word. Genomineerdes vir Visepresident moet ook aandui of hulle bereid is om as Ampsdraer verkies te word indien hulle nie tot die amp van Visepresident verkies word nie.

6.4.3 Verkiesingsprosedure in twee fases

Die vertroulike stemming is verdeel in twee fases wat gelyktydig plaasvind. Die Visepresident word in die eerste fase verkies en die Ampsdraers met 3 jaar termyne in die tweede fase. Kiesers kry die geleentheid om hulle voorkeure aan te dui vir (a) die amp van Visepresident en (b) die ampte van Ampsdraers met 3 jaar termyne. Die genomineerdes onder (b) sluit die persone in wat vir Visepresident genomineer is en wat aangedui het dat hulle beskikbaar is vir die posisie van Ampsdraer. Die uitslag van die eerste fase word eers bepaal. Indien nodig, word die naam van die verkose Visepresident dan op alle stembriefies geïgnoreer vir die bepaling van die uitslag van die tweede fase.

6.4.4 Spertye

Die Sekretaris moet minstens twaalf weke voor die AJV nominasies vir Visepresident en Ampsdraers met 3 jaar termyne aanvra en die nominasies moet die Sekretaris minstens agt weke voor die AJV bereik. Vir die posisie van Ampsdraers met 3 jaar termyne word genomineerdes beperk tot een posisie. Die spertyd is 12h00 op die dag na die sluitingsdatum.

6.4.5 Verkiesing van ampsdraers

Indien meer as die vereiste aantal persone vir 'n spesifieke pos in die UK genomineer word, vind die verkiesing vir daardie pos volgens die beginsel van ‘n gewone meerderheid van stemme plaas. Indien die aantal nominasies gelyk is aan die vereiste getal, word die genomineerde lid of lede beskou as onbestrede verkose.

Indien die nominasies vir 'n pos onvoldoende is om die aantal vakatures vir daardie pos te vul, word die genomineerde(s) as verkose beskou. Die Voorsitter van die AJV moet mondelinge nominasies aanvra vir die ongevulde poste waarna die teenwoordige stemgeregtigde lede sal voortgaan om dit te vul volgens die beginsel van gewone meerderheidstemming.

6.4.6 Vakante Presidentskap

Indien die pos van President meer as drie maande voor die verstryking van die dienstermyn vakant raak, moet die pos deur die Uitgetrede President gevul word, of, as hy/sy nie beskikbaar is nie, deur sy/haar onmiddellike voorganger. Indien die pos van President binne drie maande van die verstryking van die ampstermyn vakant raak, moet die Visepresident as President waarneem vir die oorblywende tydperk en daarna sy/haar normale termyn as President dien. In hierdie geval moet die Uitgetrede President nog 'n verdere termyn in daardie hoedanigheid dien.

6.4.7 Vakante Visepresidentskap

Indien die pos van Visepresident meer as drie maande voor die verstryking van die dienstermyn vakant raak, moet dit deur 'n verkiesing gevul word. Hierdie prosedure word ook gevolg indien die Visepresident die Sekretaris meer as drie maande voor die verstryking van die ampstermyn skriftelik in kennis stel (of indien dit op 'n ander wyse bevestig word) dat hy/sy nie die presidentskap kan aanvaar nie. In sodanige geval moet die Sekretaris nominasies aanvra soos in klousule 6.4.4 voorgeskryf. Sodanige nominasies moet die Sekretaris binne vier weke na die versoek om nominasies bereik. Indien geen nominasies vir die pos ontvang word nie, word die pos deur die UK gevul. Indien slegs een nominasie ontvang word, word die genomineerde as verkose beskou. Indien meer as een nominasie ontvang word, moet stembriewe aan alle stemgeregtigde lede gestuur word en voltooide stembriewe moet binne twee weke aan die Sekretaris teruggestuur word. Die uitslag van die verkiesing moet in die volgende *SASV-Nuusbrief* bekendgemaak word.

Indien die pos van Visepresident minder as drie maande voor die verstryking van die ampstermyn vakant raak, of indien die Visepresident die Sekretaris minder as drie maande voor die verstryking van die ampstermyn skriftelik in kennis stel dat hy/sy nie die presidentskap kan aanvaar nie, sal die volgende President op die daaropvolgende AJV verkies word volgens die gewone prosedure waar die Voorsitter mondelinge nominasies vra.

6.4.8 Ontbinding van die UK

Indien die aantal vakatures in die UK sodanig is dat die oorblywende lede nie 'n kworum vorm nie (sien klousule 6.5.4), verstryk die ampstermyn van alle lede van die UK onmiddellik. Die Genotekomitee (sien klousule 9) aanvaar dan alle funksies van die UK en reël die verkiesing van 'n nuwe UK volgens die prosedure van klousule 6.4.7, maar met dié voorbehoud dat indien daar minder as drie maande oor is voor die AJV, alle lede wat jaarliks verkies word by die AJV genomineer en verkies mag word.

6.4.9 Vakante uitgetrede presidentskap

Indien die amp van Uitgetrede President vakant raak, word dit nie gevul nie, maar bly vakant vir die res van die ampstermyn van die UK. Die Voorsitterskap en pligte van die Genotekomitee word deur die onmiddellike voorganger oorgeneem.

6.5 Vergaderings van die UK

6.5.1 Frekwensie

UK-vergaderings, byeengeroep deur die President, sal minstens drie keer per jaar plaasvind.

6.5.2 Vergadering op versoek

Die President sal verplig wees om 'n vergadering van die UK byeen te roep by ontvangs van 'n gemotiveerde skriftelike versoek van minstens vyf UK-lede.

6.5.3 Kennisgewing

Die Sekretaris moet UK-lede minstens twee weke voor vergaderings in kennis stel van die datums waarop die vergaderings plaasvind. Dit moet skriftelik gedoen word en vergesel wees van die notule van die vorige vergadering asook 'n agenda van die sake wat op die vergadering behandel sal word. Geen bykomende sake mag tydens so 'n vergadering bespreek word nie tensy die meerderheid van die lede teenwoordig daartoe instem.

6.5.4 Kworum

Ten minste vyftig persent van die UK-lede vorm 'n kworum op 'n UK-vergadering.

6.5.5 Stemming op vergaderings

6.5.5.1 Tydens UK-vergaderings word alle sake by wyse van 'n gewone meerderheid van stemme beslis.

6.5.5.2 Die Voorsitter van 'n vergadering van die UK het 'n gewone stem en, by 'n staking van stemme, 'n beslissende stem.

6.6 Die Dagbestuur

6.6.1 Samestelling

Die dagbestuur bestaan uit die President, die Visepresident, die Uitgetrede President, die Sekretaris en die Tesourier.

6.6.2 Magte

Die dagbestuur het die mag en bevoegdheid om binne die bepalings van die Grondwet dringende sake af te handel en om die Vereniging in gedingvoering as eiser of verweerder te verteenwoordig.

6.6.3 Besluite

Besluite van die dagbestuur word deur 'n gewone meerderheid van stemme geneem. Besluite van die dagbestuur word op die volgende UK-vergadering voorgelê vir bekragtiging. Besluite ten opsigte van Verwante Verenigings van SASV moet in oorleg met die voorsitters van die Verwante Verenigings geneem word.

6.6.4 Kworum

Drie lede van die dagbestuur vorm 'n kworum.

6.7 Dissiplinêre Komitee

6.7.1 Samestelling

Die Dissiplinêre Komitee word aangewys deur die UK en bestaan uit die President as voorsitter, saam met vier ander lede van die Vereniging, van wie geeneen huidige UK-lede is nie en nie meer as twee vorige lede van die UK is nie. Die Dissiplinêre Komitee moet lede van die Vereniging (akademies en praktiserend) wat bekwaam is op die terrein wat verband hou met die aantyging, insluit. Geen persoon mag meer as twee opeenvolgende jare op die Dissiplinêre Komitee dien nie.

6.7.2 Pligte

Die Dissiplinêre Komitee sal beskikbaar wees om een of albei van die volgende te ondersoek:

6.7.2.1 ‘n aantyging dat ‘n lid van die Vereniging sodanig opgetree het dat die Vereniging oneer aangedoen word

6.7.2.2 ‘n aantyging oor die professionele gedrag en/of uitvoering van ‘n lid van die Vereniging met betrekking tot die Gedragskode van die Vereniging

volgens die Regulasies soos uiteengesit in Klousule 6.7.3.

6.7.3 Regulasies

Enige aantyging word skriftelik by die Vereniging ingedien saam met enige verwante bewyse. Die President belê ‘n vergadering van die Dissiplinêre Komitee om nie later as ses weke na ontvangs van die klagte te vergader. Hierdie vergadering oorweeg of die aantyging ‘n prima facie geval ten opsigte van Klousule 6.7.2.1 en/of Klousule 6.7.2.2 behels.

‘n Lid van die Vereniging wat die onderwerp van die aantyging is, kry die geleentheid (met redelike kennisgewing) om te verskyn en aangehoor te word tydens ‘n vergadering van die Dissiplinêre Komitee voordat die Komitee ‘n besluit neem oor die aantyging. Die lid kan in elke geval deur een of twee persone vergesel word, van wie nie meer as een ‘n persoon mag wees wat nie lid van die Vereniging is nie.

Die Dissiplinêre Komitee sal enige aantyging verwerp indien die Komitee die saak as ongegrond beskou, en sal dit so aan die UK rapporteer as ‘n

feit sonder dat enige name van die betrokkenes bekend gemaak word. Andersins kan die Dissiplinêre Komitee ‘n voorstel by die UK indien vir teregwysing of skorsing uit die Vereniging indien, na ondersoek van die aantyging, die Komitee besluit dat sodanige optrede toepaslik sou wees. Die besluit van die Dissiplinêre Komitee, met redes, word gelyktydig skriftelik aan die UK en die lid wat die onderwerp van die aantyging is, gestuur, binne een week na voltooiing van die vergadering van die Dissiplinêre Komitee.

Die UK oorweeg die besluit van die Dissiplinêre Komitee en enige voorstel in die verband ten minste vyf weke na voltooiing van die vergadering van die Dissiplinêre Komitee.

Die lid mag appelleer teen ‘n besluit van die Dissiplinêre Komitee of teen ‘n voorstel vir skorsing of teregwysing, mits die President die appèl binne vier weke van die datum waarop die besluit van die Dissiplinêre Komitee, die redes vir die besluit en die voorstel skriftelik aan die lid gekommunikeer is. Die UK sal die appèl op dieselfde tydstip as die besluit van die Dissiplinêre Komitee en enige voorstel oorweeg. Die lid het die geleentheid om die vergadering van die UK waartydens die UK enige appèl teen die besluit van die Dissiplinêre Komitee of teen enige voorstel oorweeg, by te woon en toe te spreek. Die lid kan deur een of twee persone vergesel word, wat ook die reg het om gehoor te word, van wie nie meer as een ‘n persoon mag wees wat nie lid van die Vereniging is nie.

Die UK mag ‘n lid van die Vereniging teregwys of skors na ontvangs van ‘n besluit van die Dissiplinêre Komitee dat die lid op so ‘n wyse opgetree het dat die Vereniging oneer aangedoen is en ‘n voorstel vir teregwysing of skorsing van die lid.

6.7.4 <u>Besluite</u>

Besluite van die Dissiplinêre Komitee word aanvaar indien goedgekeur deur ‘n gewone meerderheid van stemme van diegene teenwoordig wat in persoon stem tydens die vergadering van die Dissiplinêre Komitee.

6.7.5 <u>Kworum</u>

Vier lede insluitend die Voorsitter van die Dissiplinêre Komitee is ‘n kworum. Indien ‘n lid nie kan deelneem soos verwag nie is die Voorsitter by magte om ‘n plaasvervanger te koöpteer. Die Komitee kan in persoon vergader of deur toepaslike telefoonkonferensiegeriewe of soortgelyke fasiliteite, of albei, en die kworum is van toepassing met inagneming van diegene teenwoordig deur middel van hierdie fasiliteite.

7. SEKRETARIAAT

Hoewel die Sekretaris en die Tesourier normaalweg elke derde jaar verkies word, soos bepaal in klousule 6.4, kan die UK, in die geval van 'n tussentydse vakature, volgens sy diskresie, 'n lid aanstel in enige van hierdie ampte.

Indien 'n voltydse sekretariaat moontlik word, moet die ampsbekleër op 'n permanente grondslag aangestel word op voorwaardes wat op sodanige tyd deur die UK neergelê word.

8. SPESIALE GROEPE VAN DIE VERENIGING

Enige stemgeregtigde lid of groep stemgeregtigde lede mag die stigting van 'n spesiale groep by die UK aanbeveel, solank dit die oogmerk het om enige spesifieke taak wat in ooreenstemming is met die missie en doelstellings van die Vereniging te bevorder en te kweek. Sodanige groep kan organiseer as ‘n Spesiale Komitee of ‘n Verwante Vereniging van SASV. In laasgenoemde geval sal die VV onderworpe wees aan sy eie spesifieke regulasies.

8.1 Stigting

Die stigting van 'n Spesiale Groep is onderworpe aan die goedkeuring van die UK en bekragtiging deur lede op 'n AJV.

8.2 Aanstelling

Die Voorsitter van 'n Spesiale Komitee word deur die UK aangestel vir 'n tydperk van drie jaar. Ander lede van die Spesiale Komitee word aanbeveel deur die Voorsitter en bekragtig deur die UK. Die Voorsitter van die komitee is ex officio 'n lid van die UK.

Die Voorsitter van ‘n Verwante Vereniging van SASV word outomaties deur die UK aangewys tot die UK, vir ‘n tydperk gespesifiseer deur die regulasies van die Verwante Vereniging.

8.3 Voorsittersverslag

Die Voorsitter van 'n Spesiale Groep moet ten minste vier weke voor die algemene jaarvergadering 'n geskrewe jaarverslag oor die aktiwiteite van die groep by die President van SASV indien.Sodanige verslae word by die jaarverslag aan die AJV ingesluit.

8.4 Spesiale Groep Finansies

8.4.1 'n Spesiale Groep kan om finansiële steun aansoek doen by die UK met dien verstande dat 'n begroting, vergesel van 'n deeglike motivering van die doel waarvoor die fondse gebruik sal word, vooraf ingedien word. Finansiële steun word deur die UK toegeken na goeddunke.

8.4.2 ‘n Spesiale Groep moet behoorlik boek en rekord hou van alle inkomste en uitgawes en moet jaarliks, nie later as 30 September nie, of op enige redelike tyd op aanvraag, 'n finansiële verslag vir die kalenderjaar aan die Tesourier van die UK voorsien.

8.5 Ontbinding van 'n Spesiale Groep

8.5.1 'n Spesiale Groep mag op aanbeveling van daardie groep of onder omstandighede wat die UK as in belang van die Vereniging beskou, ontbind word. Die ontbinding van 'n Spesiale Groep moet deur die UK bevestig word en bekragtig word deur die lede by ‘n AJV.

8.5.2 ‘n Verwante Vereniging van SASV kan hul affiliasie met SASV beëindig op aanbeveling van daardie Vereniging of onder omstandighede wat die UK beskou as in die belang van SASV. Die bedanking van die Verwante Vereniging van SASV moet deur die UK bevestig word en deur lede by ‘n AJV bekragtig word.

8.5.3 By ontbinding of bedanking moet alle gelde, rekords, toerusting en ander bates van die Vereniging (SASV) wat in besit van die Spesiale Groep is, onverwyld deur die Spesiale Groepvoorsitter aan die Sekretaris van die UK besorg word.

8.6 Huidige Spesiale Groepe

Die volgende Spesiale Groepe is tans gekonstitueer.

8.6.1 Die Onderwyskomitee

Die doel van die Onderwyskomitee is om aandag te gee aan die onderrig van statistiek op skool, aan universiteite en ander inrigtings.

8.6.2 Loopbaankomitee

Die doel van die Loopbaankomitee is om die breë publiek in te lig oor loopbane in statistiek en die opleiding van statistici, en om te help om 'n skakeldiens tussen indiensnemers van statistici en opleidingsinstellings tot stand te bring.

8.6.3 Komitee vir Amptelike Statistiek

Die doel van die Komitee vir Amptelike Statistiek is om diegene te ondersteun wat statistiese tegnieke gebruik in die opstel en ontleding van data wat verband hou met Amptelike Statistiek, dikwels verkry deur opnames. Die komitee sal seminare en werksessies oor relevante temas reël. Die komitee sal die belang van Amptelike Statistiek onder lede van die Vereniging bevorder.

8.6.4 Verwante Verenigings van SASV

Die huidige Verwante Verenigings word aangetoon in Bylaag C.

9. GENOTEKOMITEE

9.1 Samestelling

Die Genotekomitee vir 'n gegewe jaar bestaan uit die laaste ses beskikbare Uitgetrede Presidente, onder voorsitterskap van die mees onlangse Uitgetrede President.

9.2 Magte

Die Genotekomitee sal alle nominasies vir erelede en genote wat deur minstens twee stemgeregtigde lede onderteken is en wat ingedien is voor die datum soos deur die Sekretaris in 'n Nuusbrief neergelê, oorweeg. Die komitee sal ook die ledelys nagaan en self kandidate nomineer indien dit nodig geag word.

9.3 Prosedure

Die Voorsitter van die Genotekomitee versoek jaarliks deur die *SASV-Nuusbrief* nominasies vir erelede en genote van die Vereniging. Nominasies, vergesel van 'n gedetailleerde motivering, moet skriftelik en vertroulik direk aan die Voorsitter voorgelê word.

9.4 Kriteria vir genootskap

Slegs stemgeregtigde lede van die Vereniging is verkiesbaar as genote van die Vereniging. Dit is die verantwoordelikheid van die Voorsitter van die Genotekomitee om vas te stel of lede wat as genote genomineer is, wel stemgeregtig is. By die keuse van genote sal die aard en kwaliteit van die kandidaat se bydrae tot die bevordering van die statistiese wetenskap in ag geneem word.

9.5 Kriteria vir erelidmaatskap

Erelidmaatskap van die Vereniging kan slegs aan 'n individu toegeken word wat 'n uitsonderlike bydrae tot die kennis van statistiek of ter bevordering van die Vereniging gemaak het en afgetree het uit sy/haar gewone posisie.

9.6 Stemming

Ere-lidmaatskap van die Vereniging kan slegs aan individue toegeken word deur 'n eenparige besluit van die Genotekomitee.

Genootskap van die Vereniging kan slegs deur 'n eenparige besluit van die Genotekomitee aan stemgeregtigde lede verleen word.

Stemming geskied deur geheime stembriewe vertroulik voorgelê aan die Voorsitter van die Genotekomitee. Indien een lid van die Genotekomitee buite stemming bly vir 'n kandidaat, sal dit nie as 'n negatiewe stem gereken word nie. Indien twee of meer lede buite stemming bly vir 'n kandidaat, sal dit as 'n stem teen die kandidaat gereken word.

9.7 Vakatures

Indien 'n vakature in die Genotekomitee ontstaan, word dit gevul deur die mees onlangse beskikbare Uitgetrede President wat nie 'n lid van die Genotekomitee is nie.

10. REDAKSIES

10.1 Samestelling

Die Redaksie van die *Suid-Afrikaanse Statistiese Tydskrif* sal bestaan uit 'n Redakteur of Mede-redakteurs, 'n Besturende Redakteur en addisionele lede soos deur die UK nodig geag. Met uitsondering van die Besturende Redakteur wat verkies word, sal hierdie redaksie jaarliks deur die UK aangewys word. Die termyn van die volgende redakteur van die *Suid-Afrikaanse Statistiese Tydskrif* begin na die AJV van 2012 en elke drie jaar daarna.

10.2 Jaarverslag

Die Redakteur of mede-redakteurs en die Besturende Redakteur van die *Suid-Afrikaanse Statistiese Tydskrif*, asook die Redakteur van die *SASV-Nuusbrief* moet skriftelike jaarverslae oor sake wat op hulle onderskeie portefeuljes betrekking het, aan die President van die Vereniging voorlê. Hierdie verslae moet ten minste vier weke voor die AJV ingedien word.

11. STEMMING DEUR VOLMAG

Indien 'n stemgeregtigde lid om enige rede nie die AJV of 'n spesiale algemene vergadering kan bywoon nie, mag hy/sy 'n ander stemgeregtigde lid as gevolmagtigde aanwys om namens hom/haar te stem. So 'n aanwysing van 'n gevolmagtigde moet deur die stemgeregtigde lid onderteken word en moet die naam van die gevolmagtigde aandui. So 'n magtiging moet voor die vasgestelde tyd vir die vergadering by die Sekretaris ingedien word.

12. VERGADERING VAN LEDE

12.1 Algemene Jaarvergadering

'n Algemene vergadering word jaarliks deur die President byeengeroep ten einde die jaarverslag en finansiële verslag te oorweeg, die Uitvoerende Komitee wat vir die nuwe ampstermyn verkies is, aan te kondig en sodanige ander sake wat op die sakelys geplaas mag wees, te bespreek en te oorweeg. Kennisgewing van sodanige AJV moet minstens een maand vooruit geskied. Stemgeregtigde lede mag besprekingspunte op die sakelys plaas deur 'n opsomming daarvan, onderteken deur minstens twee stemgeregtigde lede, minstens twee weke voor die vergadering aan die Sekretaris te stuur.

12.2 Ledevergadering

Die Vereniging kan ook ledevergaderings reël waartydens lesings oor nuwe statistiese ontwikkelings aangebied kan word, verslag gelewer kan word oor teoretiese of toegepaste navorsing of enige ander toepaslike sake behandel kan word.

12.3 Spesiale algemene vergadering

'n Spesiale algemene vergadering kan belê word op grond van 'n besluit van die UK of op grond van 'n petisie wat deur minstens twintig stemgeregtigde lede van die Vereniging onderteken is.

12.3.1 Die besluit of petisie moet die sake waarvoor die spesiale vergadering belê word, noukeurig stel. Kennisgewing van sodanige spesiale algemene vergadering moet minstens twee weke voor die datum van die vergadering deur die Sekretaris van die SASV uitgestuur word. Die UK het die reg om die tyd en plek van sodanige vergadering te bepaal.

12.3.2 Enige verdere sake wat die UK op die agenda van 'n spesiale algemene vergadering wil plaas, mag behandel word.

12.4 Kworum op 'n algemene vergadering

Minstens dertig stemgeregtigde lede moet op 'n algemene vergadering teenwoordig wees om 'n kworum te vorm.

13. BEHEER VAN VERGADERINGS

13.1 Die President tree as voorsitter op tydens alle vergaderings van die Vereniging waar hy/sy teenwoordig is. In sy/haar afwesigheid tree die Visepresident as voorsitter op. In die geval van ledevergaderings kan die President 'n voorsitter in sy/haar plek aanwys. Takvoorsitters tree op takvergaderings as voorsitter op.

13.2 Indien nòg die President nòg die Visepresident teenwoordig is op 'n vergadering van die Vereniging, en die President geen Voorsitter benoem het nie, kies die vergadering 'n voorsitter vir die duur van die vergadering.

14. STEMMING OP VERGADERINGS

14.1 Alle sake op alle vergaderings van die Vereniging word by wyse van 'n gewone meerderheid van stemme beslis.

14.2 Die Voorsitter het op alle vergaderings van die Vereniging 'n gewone stem en by 'n staking van stemme 'n beslissende stem.

14.3 Behalwe waar uitdruklik hierin anders bepaal word, geskied stemming op alle vergaderings van die Vereniging op die wyse soos deur die betrokke vergadering bepaal.

15. TAKKE

15.1 Stigting

Enige groep stemgeregtigde lede binne ‘n spesifieke geografiese gebied kan die stigting van 'n tak by die UK aanbeveel. Indien die UK van mening is dat die voorgestelde tak oor genoeg lede beskik om 'n lewensvatbare eenheid te vorm, wys die UK 'n geskikte persoon aan om die stigting van die tak waar te neem.

15.2 Naam

Die naam van 'n tak word deur die UK bepaal met dien verstande dat voorstelle van die stigterslede van die tak in ag geneem sal word. Die frase "Tak van die SASV" moet te alle tye deel uitmaak van die naam van die tak.

15.3 Lidmaatskap

Enige stemgeregtigde lid van die Vereniging kwalifiseer vir lidmaatskap van ‘n tak.

15.4 Vergaderings

'n Tak vergader so dikwels soos bepaal mag word deur die betrokke Takbestuur, maar ten minste twee keer per jaar. Die Takvoorsitter of Ondervoorsitter tree op alle takvergaderings op as voorsitter. Enige lid van die Vereniging mag 'n takvergadering bywoon, maar 'n lid het slegs stemreg op vergaderings van die tak waarvan hy/sy lid is.

15.5 Die Takbestuur

15.5.1 Die administrasie en bestuur van 'n tak word behartig deur 'n takbestuur wat uit minstens 'n takvoorsitter bestaan.

15.5.2 Die Takbestuur word by wyse van gewone meerderheidstemming deur die tak op 'n algemene takvergadering verkies en het 'n ampstermyn van een jaar.

15.5.3 Slegs stemgeregtigde lede van 'n betrokke tak mag tot die Takbestuur verkies word.

15.6 Takke en die Grondwet

Hierdie Grondwet en die regulasies deur die UK hiervolgens uitgevaardig, is ipso facto die Grondwet en regulasies van takke van die Vereniging. 'n Takbestuur mag bykomende reëls vir die behoorlike bestuur en beheer van sy sake opstel en toepas, indien dit nie in stryd met die Grondwet is nie.

15.7 Takfinansies

15.7.1 'n Tak is geregtig op 'n subsidie van die UK met dien verstande dat 'n begroting vooraf voorgelê word, vergesel van 'n behoorlike motivering van die doel waarvoor die fondse aangewend sal word. Die UK mag ook bedrae begroot vir bykomstige finansiering van takke.

15.7.2 Die Takbestuur moet behoorlik boek en rekord hou van al die tak se inkomste en uitgawes en moet jaarliks voor of op 30 September, of op enige redelike tyd op aanvraag, die tak se balans- en rekeningstaat aan die Tesourier van die UK voorsien.

15.8 Jaarverslag

Die Takvoorsitter moet ten minste vier weke voor die AJV 'n skriftelike jaarverslag oor die aktiwiteite van die betrokke tak aan die President van die Vereniging voorlê.

15.9 Ontbinding van 'n tak

15.9.1 'n Tak kan op aanbeveling van die Takbestuur of onder omstandighede wat deur die UK as in belang van die Vereniging beskou word, ontbind word. Die ontbinding van 'n tak moet deur die UK bevestig en deur lede by ‘n AJV bekragtig word.

15.9.2 By ontbinding moet alle gelde, rekords, toerusting en ander bates van die Vereniging wat in besit van die tak is onverwyld deur die Takvoorsitter aan die Sekretaris van die UK besorg word.

16. KONFERENSIE

'n Konferensie waartydens lede sake van gemeenskaplike belang bespreek, word jaarliks deur die President van die Vereniging byeengeroep. Die konferensie word gewoonlik gereël om saam te val met die AJV soos beskryf in klousule 12.1.

17. WYSIGING VAN DIE GRONDWET

17.1 Gereelde hersiening

Voordat 'n tydperk van vyf jaar verloop het na die aanvaarding van 'n huidige Grondwet, moet die UK 'n komitee aanwys wat dit ten doel het om die Grondwet te hersien. Sodanige hersiening sal op aanbeveling van die UK aan lede voorgelê word vir bekragtiging, binne sewe jaar na aanvaarding van daardie uitgawe van die Grondwet.

Die UK moet alle voorgestelde wysigings wat as fundamentele konstitusionele wysigings beskou kan word, identifiseer. Redaksionele wysigings hoef nie spesifiek in die voorlegging aan lede geïdentifiseer te word nie. Lede kan hierdie punte wat deur die UK geïdentifiseer is, wysig wanneer die voorgestelde hersiening van die Grondwet op 'n AJV bespreek word.

17.2 Prosedure vir Wysigings

Wysigings kan deur enige stemgeregtigde lid voorgestel word en moet deur twee stemgeregtigde lede gesekondeer word. 'n Voorgestelde wysiging moet minstens vier weke voor die AJV skriftelik by die Sekretaris ingedien word. 'n Mosie wat alle voorgestelde wysigings omvat, sal aan die AJV voorgelê word en sal bespreek word saam met enige amendemente wat op die vergadering voorgestel word. Die vergadering sal oor die mosie en amendemente besluit deur gewone meerderheidstemming, en die gewysigde mosie wat deur die AJV aanvaar word, sal deur middel van 'n vertroulike stemming aan alle stemgeregtigde lede van die Vereniging voorgelê word. Daar word afsonderlik gestem oor elke voorgestelde wysiging wat op die AJV deur die stemgeregtigde lede as 'n fundamentele wysiging (sien klousule 17.1) geïdentifiseer is, asook oor die Grondwet in sy geheel. Ten minste twee-derdes van die stembriewe wat teen 'n vasgestelde datum ontvang word, moet ten gunste van 'n voorgestelde wysiging wees om die wysiging deur te voer, anders verval daardie voorstel. Die uitslag van die stemming oor die onderskeie punte moet in die *SASV-Nuusbrief* bekendgemaak word.

18. ONTBINDING VAN DIE VERENIGING

18.1 'n Voorstel dat die Vereniging ontbind, word op dieselfde wyse hanteer as 'n voorstel om die Grondwet te wysig, sien klousule 17.2.

18.2 Die Algemene Vergadering waartydens die voorstel dat die Vereniging ontbind, aanvaar word, bepaal op watter wyse oor die bates van die Vereniging, nadat alle verpligtinge daarvan nagekom is, beskik moet word.

18.3 Onder geen omstandighede sal die bates van die Vereniging verdeel word onder of toegeken word aan lede in hulle hoedanigheid as lede nie.

19. IDENTIFIKASIE VAN DIE GRONDWET

19.1 Identifikasie

Hierdie uitgawe van die Grondwet saam met Bylaes A, B, C en D staan bekend as die 2010 Grondwet.

19.2 Regsgeldigheid

Die 2010 Grondwet bestaan uit klousules 1 tot 19 sowel as Bylaes A, B, C en D. Die 2010 Grondwet mag vertaal word in die ander amptelike tale van die Republiek van Suid-Afrika soos bepaal deur die lede op 'n AJV. Indien die lede 'n vertaling in 'n spesifieke taal aanvra, sal 'n komitee deur die AJV aangewys word om die vertaling te doen. Die Engelse weergawe sal as bepalend beskou word in geval van 'n regsgeskil.

BYLAAG A

A. DIE GEDRAGSKODE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE STATISTIESE VERENIGING

A.1 Inleiding

Riglyne en beginsels vir optrede bestaan tot voordeel van die breë samelewing en om individue by te staan om hulle wettige besigheid uit te voer binne grense van gedrag wat aanvaarbaar is vir en toegepas word deur hulle medemense.

Soos ander professionele instansies in ander vakgebiede, en deur gebruikmaking van soortgelyke verklarings deur internasionale en nasionale statistiese gemeenskappe, het SASV sy eie Gedragskode geformuleer om die beginsels van oriëntasie en gedrag wat van lede van die Vereniging wat statistiek in hulle akademiese en professionele lewe beoefen, te definieer.

A.2 Mag en doelwit

Die Suid-Afrikaanse Statistiese Vereniging (SASV) is ‘n vrywillige professionele en kundige Vereniging wat ‘n self-opgelegde verpligting aanvaar om die openbare belang te bevorder deur die beste moontlike statistiese diens en raad te probeer verseker. Professionele toewyding en status impliseer bevoegdheid en integriteit, en is ‘n toepaslike strewe vir alle lede van die Vereniging, ongeag kwalifikasie of terrein van toepassing.

Die doelwit van hierdie kode is om gedeelde waardes en ondervinding wat kan bydra tot die lede se individuele etiese oordele en besluite te verwoord. Hierdie individuele oordele en besluite kom na vore in ‘n verskeidenheid akademiese, ekonomiese, kulturele, wetlike en politiese omgewings. In gebiede soos onderwys, ekonomie, sielkunde, sosiologie, geneeskunde, waar praktisyns etiese konvensies aanvaar het, kan sodanige konvensies ook die optrede van lede van die Vereniging beïnvloed binne daardie ondernemings.

Oor die algemeen is etiese eise samevoegend, deurdat baie wenslike elemente terselfdertyd aangespreek en bereik moet word. SASV erken dat etiese bekommernisse

en reaksies soms implisiet of eksplisiet keuses van prioriteite tussen strydende etiese beginsels behels. Die Kode streef daarna om ‘n agtergrond te gee waarteen ‘n lid van die Vereniging ingeligte en weldeurdagte keuses kan maak, veral wanneer eise skynbaar in konflik is. Die Kode probeer nie om enige spesifieke stel aksies of prioriteite wat die konteks nie in ag neem nie, af te dwing nie.

Elke konteks betrek belanghebbendes soos:

- Samelewing en die Openbare Belang
- Deelnemers aan eksperimente, opnames en waarneming
- Die Beroep
- Werkgewers, Kliënte en Befondsers
- Kollegas, Mentors en Studente

Lede van die Vereniging sal verpligtinge en verantwoordelikhede teenoor en druk en verwagtinge vanaf hierdie belanghebbendes en persone ervaar. Binne die kompleksiteit van menslike interaksie, streef die Kode daarna om eksplisiete, gebalanseerde en sensitiewe bekwaamheid, gekenmerk deur respek, integriteit, kundigheid en aanspreeklikheid in staat te stel.

Enige Gedragskode is ‘n oombliklike dokument. Nuwe etiese en professionele kwessies en uitdagings kom deurlopend na vore. Hierdie Kode is geen uitsondering nie maar streef daarna om eksplisiete verwagtinge wat die wyer publiek van Suid-Afrika met vertroue kan beskou as kenmerkend van die diens van ‘n lid van die Vereniging, te boekstaaf tot met die ontstaan van nuwe kodes of die stigting van ‘n formele professionele vereniging van statistici en besluitnemingswetenskaplikes.

A.3 Erkennings

Die Gedragskode maak met toestemming ruim gebruik van sleuteldokumente oor etiese en professionele praktykvoering in die openbare domein geplaas deur die International Statistical Institute (ISI Declaration on Professional Ethics), die Royal Statistical Society, en die American Statistical Association. Dit hersien ook ‘n oorspronklike SASV verklaring oor professionele praktykvoering.

A.4 SASV gedragskode vir Lede van die Vereniging

A.4.1 Die samelewing en openbare belang

A.4.1.1 Lede van die Vereniging streef daarna om te verseker dat binne hulle gekose gebied van werk of spesialisasie, hulle toepaslike kennis en insig het van die relevante wetgewing, regulasies en standaarde wat daardie areas beheer. Lede streef ook daarna om in hulle werk aan sodanige vereistes te voldoen.

A.4.1.2 Lede van die Vereniging sal in hul professionele praktykvoering basiese menseregte respekteer, en enige aksies wat daardie regte nadelig raak, vermy.

A.4.1.3 Lede van die Vereniging oorweeg en ondersoek enige moontlike gevolge van die insameling en verspreiding van verskeie tipes data. Lede probeer waak teen voorspelbare waninterpretasie of misbruik van data of die bevindings van enige studie.

A.4.1.4 Lede van die Vereniging streef daarna om die openbare vertroue in die statistiese wetenskappe te bevorder en te bewaar. Lede verseker akkurate en korrekte beskrywings van hulle resultate, insluitend die inherente onsekerheid asook die verduidelikende krag van hulle data. Lede bring die grense van die betroubaarheid en toepaslikheid van die resultate onder die aandag van potensiële gebruikers.

A.4.1.5 Lede van die Vereniging maak bevindings bekend tot voordeel van die wydste moontlike gemeenskap, maar probeer ook verseker dat geen bevolkingsubgroep benadeel word nie. Voldoende inligting word verskaf om ‘n breër publiek toe te laat om die metodes, prosedures, tegnieke en bevindings onafhanklik te evalueer.

A.4.2 Deelnemers aan eksperimente, opnames en waarneming

A.4.2.1 Lede van die Vereniging is verplig om deelnemers, individueel en gesamentlik, teen skade wat uit deelname aan ‘n studie kan voortspruit, te beskerm. Alle vorms van skade aan deelnemers, of hul verhoudings met hulle gemeenskappe of omgewings, moet vermy word. Hierdie verantwoordelikheid om skade tot die minimum te beperk word nie opgehef deur die deelnemer se toestemming of sy/haar wetlike verpligting om aan ‘n studie deel te neem nie.

A.4.2.2 Ondersoeke wat menslike deelnemers betrek, word, sover prakties moontlik, gebaseer op die vrywillig gegewe ingeligte toestemming van deelnemers, voor insluiting en dataversameling. Inligting wat bereidwilligheid tot deelname kan beïnvloed, mag nie van ‘n deelnemer weerhou word nie.

A.4.2.3 Die potensieel indringende aard van sommige ondersoeke vereis regverdiging en vooraf-bekendmaking aan daardie deelnemers wat waarskynlik geraak sal word.

A.4.2.4 Die identiteit van alle deelnemers, wat saamwerk of nie, word vertroulik gehou, ongeag of vertroulikheid vooraf belowe is, tensy toestemming vir bekendmaking vooraf eksplisiet van spesifieke deelnemers verkry is.

A.4.2.5 Toepaslike maatreëls word geneem om te voorkom dat data gepubliseer of vrygestel word op so ‘n wyse dat ‘n deelnemer se identiteit openbaar gemaak of afgelei kan word. Die nodige maatreëls spreek moontlike onthulling tydens datagenerering, notering, vaslegging, stoor, ontleding en verslagdoening aan.

A.4.3 <u>Die Beroep</u>

A.4.3.1 Lede van die Vereniging handhaaf hul professionele integriteit sonder vrees of bevoordeling, en kies en gebruik slegs metodes ontwerp om die mees tersaaklike korrekte en noukeurige resultate te gee. Lede bied alle resultate openlik, volledig en op ‘n deursigtige manier aan, ongeag die uitkomste of die gevolge. Lede is in die besonder sensitief vir die behoeftes wat ontstaan wanneer resultate wat teenstrydig is met ‘n gewenste uitkoms aangebied moet word.

A.4.3.2 Lede van die Vereniging streef daarna om die reputasie van die beroep te handhaaf en verbeter gereeld hulle professionele kennis en vaardighede, en bly bewus van tegnologiese ontwikkelings, prosedures en standaarde relevant vir hulle vakgebied.

A.4.3.3 Lede van die Vereniging ondersteun en moedig kollegas aan in hulle professionele ontwikkeling, en skep, waar moontlik, geleenthede vir ontwikkeling vir nuwelinge in die professie.

A.4.3.4 Lede van die Vereniging tree met integriteit op teenoor kollegas en mede-lede en teenoor statistici of ander beroepe met wie hulle saamwerk in ‘n professionele

hoedanigheid. Lede vermy betrokkenheid by enige aktiwiteit wat onversoenbaar is met hulle professionele status.

A.4.3.5 Lede van die Vereniging bied slegs aan om werk te doen of diens te lewer wat binne hulle professionele bekwaamheid is en maak geen aanspraak op enige vlak van bekwaamheid wat hulle nie het nie. Enige professionele mening wat ‘n lid gevra word om te gee, sal objektief en betroubaar wees.

A.4.3.6 Lede van die Vereniging aanvaar professionele verantwoordelikheid vir hulle werk en vir die werk van ondergeskiktes en medewerkers onder hulle leiding.

A.4.3.7 Standaarde van integriteit vereis van ‘n professionele statistikus is gewoonlik nie in konflik met die belange van ‘n kliënt of werkgewer nie. Lede van die Vereniging streef daarna om enige sodanige konflik te vermy en sal ‘n werkgewer of kliënt duidelik inlig oor enige sodanige potensiële of werklike konflik. Indien die konflik nie bevredigend opgelos kan word nie, is die openbare belang en professsionele standaarde deurslaggewend.

A.4.3.8 Lede van die Vereniging in privaatpraktyk, of onafhanklik van gesalieerde diens, het die reg om hulle verbintenis te verbreek in geval van ‘n dilemma wat professionele standaarde of gewete behels.

A.4.3.9 Lede van die Vereniging in gesalieerde diens, wat in ernstige konflik met hul werkgewer is oor ‘n saak van professionele standaarde of gewete, lig die werkgewer skriftelik in oor die omstrede omstandighede. Indien lede nie in staat is om die konflik tot hul bevrediging op te los nie, word hulle aanbeveel om die saak na SASV te verwys, wat raad sal gee en stappe sal neem, soos toepaslik.

A.4.3.10 Lede van die Vereniging streef daarna om openbare kennis en insig van statistiek te bevorder en staan vals of misleidende stellings wat skadelik is vir die beroep, teë.

A.4.3.11 Lede van die Vereniging maak geen openbare verklarings in hul professionele hoedanigheid nie, tensy behoorlik gekwalifiseer en waar toepaslik bemagtig om so te maak, met inagneming van die waarskynlike gevolge van enige sodanige verklarings vir ander.

A.4.3.12 Dit staan lede van die Vereniging vry om betrokke te raak by geskille. Geen lid mag egter sonder goeie rede die professionele bekwaamheid van ‘n ander statistikus in twyfel trek nie.

A.4.3.13 Lede van die Vereniging praat nie namens SASV of die Spesiale Groepe, sonder die magtiging van die SASV Uitvoerende Komitee nie.

A.4.4 Werkgewers, Kliënte en Befondsers

A.4.4.1 Lede van die Vereniging voer hulle werk uit met gepaste sorg en toewyding in ooreenstemming met die vereistes van die werkgewer of kliënt. Indien enige professionele wetenskaplike oordeel verwerp word, sal lede eksplisiet enige waarskynlike gevolge van sulke besluite aantoon.

A.4.4.2 Lede van die Vereniging mag geen vertroulike inligting wat hulle verkry in die loop van professionele praktykvoering onthul of die onthulling daarvan magtig of gebruik vir persoonlike gewin of tot voordeel van ‘n derde party nie, buiten met vooraf geskrewe toestemming van die werkgewer of kliënt, of in opdrag van ‘n geregshof. Lede probeer vermy om in ‘n posisie geplaas te word waar hulle bewus kan word van of aandadig kan raak aan aktiwiteite, of inligting rakende aktiwiteite, wat in konflik is met hulle verantwoordelikhede om die openbare belang te bevorder, soos in A.4.1.1 en A.4.1.2 hierbo.

A.4.4.3 Lede van die Vereniging gee nie voor om onafhanklike oordeel namens ‘n werkgewer of kliënt uit te spreek oor enige produk of diens waarby hulle wetend enige belang, finansieel of andersins, het nie.

A.4.4.4 Lede van die Vereniging laat nie toe dat enige misleidende opsomming van data namens hulle vrygestel word nie. In die besonder, sal eksplisiete stellings oor die aannames by die keuse van ‘n metode van ontleding gewoonlik gegee word. Dit mag nodig wees dat verdere statistiese ontleding toegelig word deur ‘n beskrywing van die manier waarop die data gekies is, en die manier waarop enige skynbaar verkeerde data reggestel of verwyder is. Menings of sienings gebaseer op algemene kennis of oortuiging word duidelik onderskei van menings of sienings afgelei van die statistiese ontledings waaroor verslag gedoen word.

A.4.4.5 Die onderskeie verpligtinge, rolle en verantwoordelikhede van werkgewer, kliënt of befondser en lid van die Vereniging moet vooraf eksplisiet gespesifiseer en ten volle verstaan word. Met die gee van raad en leiding, moet lede sorg dra om binne hulle gebied van bekwaamheid te bly, en advies vra, soos toepaslik, van ander statistici met die relevante deskundigheid.

A.4.4.6 Lede van die Vereniging sal beskikbare metodes en prosedures oorweeg vir die aanspreek van ‘n voorgestelde ondersoek en ‘n onpartydige evaluasie van die onderskeie voordele en beperkinge van alternatiewe, saam met die voorgestelde metode, aan die werkgewer, kliënt of befondser gee.

A.4.5 Kollegas, Mentors en Studente

A.4.5.1 Lede van die Vereniging erken die voorrang van vroeër werk van ander geleerdes of skrywers in hulle eie navorsingspublikasies, mededelings en onderrig.

A.4.5.2 Lede van die Vereniging erken alle medewerkers aan joernaalpublikasies en waar bydraes mede-outeurskap regverdig, word kollegas, mentors en studente genooi om hierdie status te aanvaar.

A.4.5.3 Lede van die Vereniging skep geleenthede vir nuwer en jonger studente of praktisyns in die dissipline.

A.4.5.4 Lede van die Vereniging bepleit en verdedig etiese beginsels in alle handelinge met kollegas, mentors en studente.

BYLAAG B

DIE INSTITUUT VIR GESERTIFISEERDE EN GEOKTROOIEERDE STATISTICI VAN SUID-AFRIKA (IGGSSA)

REGULASIES

BYLAAG C

C.VERWANTE VERENIGINGS VAN SASV

C.1 LYS

C.1.1 Instituut van Gesertifiseerde en Geoktrooieerde Statistici van Suid-Afrika (IGGSSA)

BYLAAG D

D. DIE HANTERING VAN STEMBRIEWE

D.1 Die sameroeper van die Verkiesingskomitee (sien Klousule 6.3.6) ontvang die stembriewe van die Sekretaris van die Vereniging in ‘n verseëlde koevert so gou moontlik na die sperdatum vir die terugstuur van stembriewe.

D.2 ‘n Evaluering van die stembesonderhede word voorberei en die stembriewe word so gou moontlik afgelewer by die tweede lid van die Verkiesingskomitee, wat onafhanklik die stembriewe prosesseer en ‘n verslag van die evaluering aan die sameroeper verskaf. Die evaluering word in die geheim gedoen, en die twee lede van die Verkiesingskomitee moet saamstem in hul evaluering.

D.3 Die uitslag van die verkiesing word deur die sameroeper van die Verkiesingskomitee bekend gemaak aan die President van die Vereniging. Die stembriewe word dan deur die sameroeper van die Verkiesingskomitee terugbesorg aan die Sekretaris van die Vereniging wat dit op lêer bêre vir gebruik op aanvraag slegs deur die UK.

D.4 Die President sal die uitslag van die stemming op ‘n geskikte tyd en plek binne die voorskrifte van die Grondwet aankondig, afhangende van die situasie.